

Hei, LAURIKA!

Sy's die vrou met die warm, donker stem wat Suid-Afrikaners al meer as 22 jaar diep roer. Laurika Rauch se veertiende album, *Hei, mevrou Brown, (dit gaan goed)* is pas op die rakke. En haar binneste is vol hoogtepunte.

DEUR MARÍ LE ROUX

Ná byna 22 jaar in die plaaslike musiekbedryf kan jy 'n hele string treffers agter jou naam skryf. Jy's volksbesit. Hoe voel dit?

As dit só is, is ek baie dankbaar. Ek beskou nooit enige sukses as vanselfsprekend nie. Elke hoogtepunt is 'n geskenk en 'n aansporing om in die toekoms beter werk te lewer.

By die Kunstefeeste is jou vertonings van dié wat altyd eerste uitverkoop is. Wat doen dit aan jou?

Ek is baie lief vir die verhoog. Ek was vyf toe ek die eerste keer opgetree het. En ek besef, hoewel ek weet dat ek nie vir altyd daarmee sal kan aanhou nie, dat ek op die verhoog werklik lewe. Miskien voel mense dit aan as hulle na my kom luister. Ek hoor so dikwels iemand het my musiek as 't ware eers "ontdek" op CD nadat hulle my sien optree het. Sulke bywoning van my optredes plaas natuurlik ook 'n verantwoordelikheid op my om goeie en vernuwende werk te lewer.

Mense ken jou donker stem goed. Maar wie is Laurika Rauch?

Sommige mense sê hulle is vandag dieselfde mens as toe hulle 21 was. Ek dink ek is nog dieselfde mens as toe ek tien was. Ek het nog net soveel drome, verwagtinge en belangstellings as toe. Ek is nog steeds net so afhanklik van mense in my werk en lewe. Die een plek waar ek darem moes grootword, is as ma. Op daardie gebied moes ek vinnig leer, veral toe ek agtergekom het die beplanning van daaglikse maaltye en kospakkies is daarby ingesluit en nie net die speel nie. Ek dink nie ek was in die begin daarop voorbereid nie. (Laurika en haar man, die liedjieskrywer en ekonoom Christopher Torr, het twee kinders. Simon is 18 en Nina 13.)

Watter lesse het jou kinders jou geleer?

Dat 'n mens maar kan luister na die raad van 'n kind; dat daar altyd baie gelag word as 'n kind naby is; dat kinders 'n oneindige vermoë tot deernis het, veral met hul ouers se onvermoëns.

Jou pa, Fritz, is vroeër vanjaar oorlede. Hoe verwerk jy intense hartseer soos dit?

Hoofsaaklik deur my gevoelens uit te spreek teenoor die mense naby aan my, sonder om 'n oorlas van myself te maak. Dis tog eienaardig hoe 'n mens identifiseer met en bewus word van ander se hartseer as jy dit self eers beleef het. Daardie meelewing met ander help. Ek het ook 'n routydperk gehad, wat vir my absoluut noodsaaklik was.

Hoe voel jy oor die ouderdom?

Met my pa se dood het ek werklik begin besef hoe kort die lewe is. Ek dink die pad wat 'n mens ná veertig loop, word grootliks bepaal deur die pad wat jy voor veertig geloop het. Ek sien veral dat ouer word nie eintlik 'n kwessie is nie, solank jy gesond is.

Afrikaanse musiek het jou gekies, sê jy. Wat is dit omtrent die taal wat jou raak?

Alles. Ter illustrasie haal ek grepe uit sommige van die liedjies op my nuwe CD aan:

"So ek skryf
want ek't maar net gewonder
of ek dalk weer die kans sal hê
om net te sê: Hei, mevrou Brown,
Dit gaan goed ..." – "Hei, mevrou Brown (dit gaan goed)", *Marlise Schoepers*

"Net soos 'n ongenooide gas
so sal die liefde jou verras
ek het 'n wys ou uil hoor sing
dis 'n tydelike ding" – "Kom laat ons laat ons sing", *Christopher Torr*

"Jy sê vir my ek moet vir jou 'n liedjie skryf, sodat jy my kan onthou wanneer ek dalk sou weggaan met die tyd
Jy sê jy wil van Mozart hoor, van Billy Joel en Koos Kombuis
en dat ek tog 'n stukkie Queen moet insit net vir jou" – "Onthou", *Jeanette Cilliers*

"Ek bring vir jou 'n sonneblom uit Bethlehem
en gee dit water op Bloemfontein
Uit Hanover bring ek kappertjiesaad
uit die tuin van Nr 3 Darlingstraat
en Hanepoot druiwe uit die Paarlvallei" – "'n Sonneblom uit Bethlehem", *Lize Beekman*

"So sal ek jou onthou
Op hierdie eerste dag van die somer o-o-ou
met jou hande op die dashboard saamgevou
so sal ek jou onthou
op hierdie eerste dag van die somer, o-o-ou
wys jy vir my die drome in jou atlas
en die plekke waarvan jy so hou" – "Waar ek ook al ry", *Koos Kombuis*

Wat kan jy uitsonder as dié hoogtepunt in jou lewe?

'n Mens maak dikwels die fout om iets eers as jy terugkyk as 'n hoogtepunt te beskou. Ek probeer so min moontlik terugkyk. My hoogtepunte lê binne my en ek leef hulle elke dag. ❑

FOTO: ELIZABETH OLIVIER-KAHLAU

GRATIS CD'S

Tien *Sarie*-lesers kan elk 'n eksemplaar van Laurika se jongste CD, *Hei, mevrou Brown (dit gaan goed)*, gratis kry. Skryf jou naam, adres en telefoonnommer agterop 'n poskaart en stuur aan *Sarie*/Laurika Weggee, Posbus 785787, Sandton 2146. Die sluitingsdatum is 29 Desember.

my belangrik om energie van ander kunstenaars te kry, en Vusi se energie was iets heeltemal nuuts. Daar was net hierdie wonderlike kreatiewe energie in die span – saam met my en Vusi ook Deon Opperman, Jahn Beukes, Louis Mhlanga en Peter McLea. Dit was amper 'n soort magiese energie gewees. Elke vertoning was 'n ontdekking, 'n avontuur."

Nog 'n hoogtepunt was 'n optrede jare gelede saam met die Metropole-orkes voor 15 000 mense in Utrecht. "Dit was 'n groot orkes, en die musiek het so 'n groot klank gehad". Sy sonder ook 'n optrede by 'n musiekfees in Centurion sowat tien jaar gelede uit wat plaasgevind het kort nadat *Stuur groete aan Mannetjies Roux* uitgereik is.

"Daar was sowat 12 000 mense en toe ek die liedjie begin sing, het hulle skielik 'n Mexikaanse golf begin vorm. En toe sing hulle die liedjie uit volle bors saam met my ... Dit is ontroerend as 'n hele massa mense so saamsing.

"Dis vir my die lekkerste ding in die lewe wanneer ek kontak maak met 'n gehoor en wanneer ek saam met ander kunstenaars werk. Daardie klein oomblikkies van vreugde saam met ander mense is vir my baie belangrik."

Nog 'n unieke prestasie is dat sy twee jaar gelede die eerste (en tot dusver enigste) kunstenaar geword het wat met 'n goue penning deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vereer is vir haar bydrae tot ligte Afrikaanse musiek. 'n Fenomeen en 'n vrou met fut is sy inderdaad.

Al waaroor Laurika kan kla, is tyd. Daar is net nie genoeg tyd om byvoorbeeld al die CD's te luister en boeke te lees wat sy wil nie. Daarom luister sy maar saam met haar kinders na groepe soos Blink 182 en Eve 6 en in die motor na enigiets van Aretha Franklin en Sting tot klassieke musiek.

"Dit maak my ongelukkig as ek 'n gebrek het aan tyd, as ek moet jaag. En dit maak my baie gelukkig as ek genoeg tyd het – veral as ek tyd het om goeters te doen vir ander mense. As ek op die oomblik tyd het, voel ek asof ek dit steel – ek voel in transit. Daarom is ek maar altyd by iets betrokke.

"Lees, gesels, reis en gemeensaamheid is die dinge waarvan ek hou. Ek wil nog baie reis! O, ek is 'n baie wispelturige reisiger. Elke nuwe stad wat ek ontdek, is vir my die wonderlikste in die wêreld. Ek was so oor Praag en New York en het daarheen teruggegaan. En vanjaar wil ek die Ooste aanpak. Thailand."

Wat hou haar aan die gang? "Ek het nie geweet daar is 'n alternatief nie – dat jy nie aan die gang kan wees nie!"

Haar lewensfilosofie?

Sy lag. "My lewensfilosofie verander die heeltyd, it depends on where I am in my head. Maar tans is dit: die oplossing vir enige krisis is om stil te bly."

Sela. Kom laat ons sing! ❑